
DIE APOSTOLIESE GELOFSBELYDENIS [15]

Rm 3:25 : Die Strafdraende Plaasvervanger.

No. E279

Kom ons kyk nou weer na die kruisiging - maar deur 'n meer dogmatiese bril. In die voorafgaande het ons meer gefokus op die Here Jesus se belewinge aan die kruis. Nou wil ons spesifiek die vraag antwoord: waarom was dit nodig? Dan sal ons baie kortliks wil oorweeg wat dit vir ons sê oor God, oor die mens, oor Jesus Christus self, en oor reddende geloof.

Die hart van Christus se werk

Alle mense, sonder uitsondering, is skuldig en daarom doemwaardig voor God (Rm 1:18-3:20). Almal is onder Sy toorn (Rm 1:18). *Dis die mens se grootste probleem!*

Job het al hierdie brandendste van alle vrae gevra: "Kan 'n mens ooit onskuldig wees in die oë van God en sonder blaam voor sy Maker staan?" (4:1). En: "... hoe kan 'n mens regverdig wees by God?" (9:2, OAV). Geen belangriker vraag kan ooit gevra word nie!

Maar dan begin Rm 3:21 met twee van die wonderlikste woorde in die Bybel: "Maar nou ...".

Dit word gevolg deur een van die rykste uiteensettings van die evangelie in die ganse Woord (Rm 3:21-31). Aan die hart van hierdie verse is v.25. En aan die hart van v.25 is die woord *hilasterion* (vertaal met "versoening").

Die heidene het natuurrampe en ander probleme aan die woede van iesegrinnige gode gewyt. *Hilasterion* is die woord wat in klassieke Grieks gebruik is vir die offers wat gebring is om

hulle afgode te paai. Sonder om die lewende God met die heidendom te assosieer, kan ons aanvaar dat die geïnspireerde apostel met presies hierdie idee werk. So aanvaar die regsinnige teologie dit nog altyd. Rm 3:25 praat dus van die kruis - *en veral van God se toorn wat daar op Sy Seun ingebrand het.*

Hilasterion sê in 'n enkele woord wat Jesus Christus op Golgota gedoen het!

Die toorn van God

Male sonder tal het die Bybel dit oor God se toorn - selfs meer as oor God se liefde. Presies hiermee begin die apostel Paulus dan ook sy wonderlike uiteensetting van die evangelie in Romeine (Rom 1:18).

God se toorn is Sy ewige en absolute afsku van alle ongeregtigheid en sonde - asook Sy handelinge om uitdrukking aan hierdie afsku te gee. Dis die heiligheid van God in aksie teen alle sonde.

Die toorn van God is net soveel een van die volmaakthede van Sy karakter as Sy liefde, trou en genade. Ongeërgdheid en afsydigheid t.o.v. sonde sou immers getuig het van morele onvolmaaktheid in Hom.

Die strafdraende Plaasvervanger

Dis moeilik om 'n bevredigende vertaling vir *hilasterion* te vind. "Versoening" sê vir seker nie genoeg nie.

- In die beste Engelse vertalings word die woord *propitiation* gebruik - wat 'n bekende woordeboek so definieer:

"Some offering, sacrifice or suffering sufficient to win forgiveness or make up for an offence. It is an action that makes the governing power propitious (kindly disposed, gracious) toward the offender; it appeases

the lawgiver."

Millard J. Erickson stel dit só in sy *Concise Dictionary of Christian Theology*: "A reference to the idea that Christ's atonement satisfies the wrath of God."

Christus was dus die *Strafdraende Plaasvervanger (Penal Substitute)* wat God se onbeskryflike en skrikwekkende toorn namens ons gedra het.

- *Plaasvervanging!* Dit vind plaas wanneer iemand in die plek van 'n ander optree - en wel só dat dit nie meer vir die ander nodig is om dit te doen nie. 'n Tuinwerker is byvoorbeeld vir my 'n plaasvervanger.

In Rm 5:8 en Gl 3:13 word die voorsetsel *huper* (ter wille van, namens) met "vir" vertaal. En in Mt 20:28; Mk 10:45 en 1Tm 2:6 word 'n ander voorsetsel, *anti* (in plek van, in ruil vir), weereens met "vir" vertaal.

"Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word ..." (Gl 3:13, OAV).

"Die Seun van die mens het ... gekom ... om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie ..." (Mk 10:45).

- *Strafdraend!* Hierdie kwalifikasie bring Christus se plaasvervangende werk in verband met God se geregtigheid en toorn, asook met die morele wet se eise.

Op Golgota het God se toorn teen die sonde van mense op Sy eie Seun in gebrandglas! Ons kan dit dus soos volg stel:

Jesus Christus, gedring deur 'n vasberade liefde om al die nodige te doen vir my redding, het God se verskriklike oordele, waarvoor ék bestem was, volledig namens my gedra - en sodoende vir my vergiffenis, aanneming as kind, en ewige heerlikheid bewerkstellig.

Elke gelowiges móét hierdie waarheid verstaan. Dit lê immers aan die hart van die evangelie en van

my verlossing. En vir soverre ek dit begryp en glo, sal dit lewensveranderende effekte op my hê. Daarom ken Christene dwarsdeur die eeue hiêrdie twee belewinge:

- 'n Diep hartswete: *hiervoor is ek alles, alles, alles - my ganse lewe - aan my Verlosser verskuldig.*
- 'n Onwankelbare innerlike sekuriteit - wat 'n onuitputlike bron word van vrede, vreugde en lof.

Die feit dat my Plaasvanger *strafdraend* moes optree - en wel op so 'n verskriklike wyse - impliseer onontkombaar dat ék vir my oortredings en mislukkings i.t.v. Sy wet strafwaardig voor God was, en dus op pad na die ewige verdoemenis. Presies dit is die punt van Rm 1:18-3:20. Hy het verduur wat mý toegekom het.

Hieruit volg vier uiters belangrike stelle waarheid:

1. Waarheid met betrekking tot God.

Dis uiters belangrik om te verstaan dat Christus nie teenoor Sy Vader op Golgota gestaan het nie. Dis 'n totaal verwronge en Godonterende idee dat Hy "arme sondaars" teen Sy Vader se woede beskerm het.

Golgota was ten diepste die Vader se inisiatief. Dis die Vader wat Sy Seun daar "gegee" het (Rm 3:25). Letterlik sê die betrokke werkwoord dat die Vader Sy Seun op Golgota voor Homself neergesit het.

Hoe aangrypend voorsien Jesaja dit nie! "Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom." ... "Dit was die wil van die Here om hom te verbrysel, om hom die pyn te laat

ly." (53:4-5, 10).

Agter die kruis moet God se *heilige geregtigheid* dus gesien word. Op Golgota is Sy toorn teen my sondeskuld bevredig. Dit het reggemaak wat verkeerd was in Sy oë. Elke kriesel skuld is betaal.

Die kruis beklemtoon die volmaaktheid van God se wet en dat Hy onwankelbaar en kompromieloos daarby staan as morele standaard vir die mens. Die diepste grond vir die redding van sondaars is en bly volmaakte wetsonderhouding - *dié van die mens Christus Jesus!*

2. Waarheid met betrekking tot die mens.

Sedert Golgota kan geen twyfel bestaan oor die erns van God se waarskuwing in Gen 2:17 nie: "Die dag as jy daarvan eet, sterf jy."

Daar kan nie 'n groter en meer beledigende sonde wees as om só 'n Plaasvanger weg te wys nie (Hb 6:6; 10:29). Daarom sal God elkeen wat sy rug op Sy genade-aanbod draai, met 'n strenger oordeel straf as diegene wat nooit die evangelie gehoor het nie.

Niks beklemtoon die onontkombaarheid van die ewige verdoemenis vir diegene sonder 'n plaasvanger meer as die feit van Golgota nie. *Sal die lewende God 'n rebel oorsien, as Hy Sy eie Seun nie gespaar het nie?*

3. Waarheid met betrekking tot Jesus Christus.

As ware mens het Hy ons plek onder God se toorn ingeneem. Hy het dus liggaamlik en geestelik die dood ondergaan - die helse verdoemenis wat my vir ewig toegekom het. Dis waarom Hy uitgeroep het: "My God, My God, waarom het U My verlaat?" (Mk 15:34). Hier is die onwankelbare en onbetwyfelbare fondasie van my vryspraak en immuniteit in terme van die Wet - en natuurlik van elkeen wat in opregtheid in Hom invlug en by Hom bly skuil.

Een van die Skrif se aangrypendste beklemtonings is Jesus Christus se gewillige opoffering van Homself as Plaasvanger. Vier keer in die gedeelte oor die goeie herder beklemtoon Hy dat Hy Sy lewe aflê vir die skape (Jh 10:11, 15,

17, 18). En in Ef 5:2 skryf die apostel: "Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee het, ja, 'n offer wat vir God aanneemlik was."

4. Waarheid met betrekking tot reddende geloof.

Geloof begryp dat God se vereistes en standarde vir die mens volledig en onveranderd bly staan tot in ewigheid, en dat die ewige straf wat God belowe het vir mislukking en rebellie, onafwendbaar rus op elkeen buite Christus. *Ware geloof aanvaar egter ook dat die straf vir miljoene se sonde reeds op Christus ingebrand en uitgewoed het - en dat dit van toepassing is op elkeen wat in opregtheid en geloof in Hom ingevlug het en by Hom bly skuil.*

So bring ware geloof dan gewetensrus. Toplady sing: "Payment God cannot twice demand, first from my bleeding Surety's hand, and then again from mine."

'n Voorbrand dien as brandbeveiliging. Waar 'n vuur eenmaal gebrand het, brand dit immers nie weer nie! Die vuur van God se toorn oor menslike sonde het reeds op Christus ingebrand. Daarom sal daar op die oordeelsdag net één veilige plek wees: Golgota se voorbrand!

Ware geloof gaan nie net eenkeer Golgota toe nie; dit bly skuil voortdurend by die kruis!

Twee wesenstrekke van ware geloof volg hieruit:

- *Dit begryp en omhels God se vrye gawe van vergiffenis in Christus - vir lewe en dood, tyd en ewigheid. Dis die hart van reddende geloof. 'n Christen sterf met sy Verlosser se Naam op sy lippe.*

- *Ware geloof is 'n doelbewuste en vasbeslote wegkyk van jouself - na Christus toe, en in die besonder na Hom as die Gekruisigde. Volwasse gelowiges soek dus nie die grond vir hul vergiffenis en toekomshoop in eie belewinge nie. Hulle weet, voortdurende introspeksie is 'n onfeilbare resep vir moedeloosheid - en in elk geval is dit heel moontlik*

'n simptoom van onegte geloof. Nee, 'n duisend maal nee! *Saligmakende geloof hou die oë op Christus vasgenael - en op Hom alleen!*

Ja, mens moet jouself gereeld ondersoek (2Kor 13:5), maar daar steek jy nie vas nie. Skaars is jy daarmee besig, of sondebeseft oorblijf jou en dryf jou na Christus toe. En dit gebeur weer en weer. In elk geval is die essensie van selfondersoek die vraag of jou vertrou inderdaad in Christus en in Hom alleen is.

Redding is objektief! Dit gebeur in die eerste instansie buite my. Regverdiging is 'n inskrywing in God se boeke." Heiligmaking is vrug, nie voorwaarde nie.

Laat ons die koperslang in die woestyn onthou (Num 21:8-9). *Al wat nodig was vir genesing, was om te kyk, en te bly kyk - God het mos gesê slegs dit is nodig vir genesing!* Jesus gebruik hierdie beeld as Hy oor Sy komende kruisiging praat - en oor die wese van ware geloof (Jh 3:14-18). *Geloof is om jou oë voortdurend en vertrouend op Christus vas te nael - dag in en dag uit - enduit!*

Waarom 'n slang? In die Bybel is dit 'n simbool van boosheid. Die koperslang was dus 'n stuk profesie dat die Messias "sonde vir ons gemaak" sou word - dat Hy ons strafdraende Plaasvervanger sou wees (2Kor 5:21, OAV).

God se verlossing is toeganklik vir almal - ongeag hoe groot jou sonde, onvermoë of onwaardigheid ook al is! Ongeag van die morsigheid van jou verlede, *kom net - nes jy is.* Al wat immers nodig is, is om vanuit jou magtelose bankrotskap na Christus te kyk en in Hom te bly skuil. Jy hoef niks te doen nie. Jy moet net *kyk - vertrouend bly kyk!* Trouens, jy durf nie iets probeer bydra tot jou redding nie. Want dit weerhou jou van kyk soos jy moet - afhanklik en vertrouend. En natuurlik, dis 'n veragtelike belediging vir Jesus Christus, want dit impliseer dat Sy versoeningswerk alleen waarskynlik nie die mas opkom nie.

Tydens die slange-plaag het Israeliete wat hulleself probeer dokter het, gesterf - want as hulle hoegenaamd by *kyk* uitgekom het, het hulle nie *bly*

kyk nie.

Probeer net 'n druppel pypolie aan jou wond smeer, roer net 'n katspoegie eie vroomheid in by Christus se verdienste, en jou "geloof" word 'n onaantvaarbare belediging vir die Here - so asof mens Hom 'n bietjie moet help. Die Here deel Sy eer met geen mens nie! Laat ons glashelder-duidelik verstaan: *Christus is óf alleen-Redder en volkome Redder, óf glad nie. Hierdie wesentlik belangrike waarheid is absoluut ononderhandelbaar belangrik! O, my vriend, maak seker jy verstaan hierdie beginsel. Oordink en bedid dit weer en weer - totdat dit diep op die tafels van jou hart ingegrafeer is. En dan hou jy aan om dit te bepeins. En maak seker jy onthou dit as jy op jou sterfbed lê! Christus, Christus alleen. Alleen! Sola fide! Sola gratia! Solus Christus!*

Die Christelike geloof verskil wesentlik van alle godsdienste - ook van *churchianity* - wat op moralisme en seremonies staatmaak vir redding.

Nee, duisendmaal nee, redding is nie vroom en gehoorsame godsdienstiges wat na die Allerhoogste toe opklom nie; dis God wat in Christus na bedelende en magtelose sondaars toe afbuig!

Geagte leser, verstaan jy dit - baie goed? Is dit hoe jy glo? Is jy seker, baie, baie seker?

En wat van gehoorsaamheid?, vra jy. Volgens die Skrif is daar immers geen redding sonder gehoorsame dissipelskap nie. Hierop reageer die Woord van God dan glashelder duidelik: Glo éérs, word éérs gered - eerste dinge eerste! En as jou geloof en regverdiging, en dus redding, dan hoegenaamd eg is, sal gehoorsaamheid wel volg - noodwendig! Want hoe kan 'n herskepte hart anders as om die eer van Sy Bevryder na te jaag - as dit dan juis is waarvoor hy herskep is. Maar deel van die *grond* vir redding - selfs net effentjies - kan gehoorsaamheid nooit ooit wees nie! Maar die bewys daarvan, die uitvloeisel - ja, 'n duisendmaal, ja. Trouens, tot so 'n mate is dit 'n noodwendigheid, dat ons kan sê dat sonder die vrug van gehoorsaamheid, geloof nooit eg was nie en dat daar gevolglik geen regverdiging is nie. Maar deel

van die grond van regverdiging kan gehoorsaamheid tot in ewigheid nooit wees nie! *Dis die gevolg, die noodwendige uitvloeisel daarvan.*

Ek herhaal bogenoemde so oor en oor, omdat daar te veel toegewyde kerkmense is wat hierdie kloutjie nie by die oor het nie. En dis geen onskuldige blindkolletjie nie; dis in die meeste gevalle 'n noodlottige mistasting wat ontelbaar baie die ewige saligheid sal kos!

Kyk dan nou, en hou aan kyk - na Christus en na Hom alleen, alléén, ALLEEN! En word dan gered! En maak seker dat jy op jou sterfbed sal kyk - dieper en meer afhanklik as ooit! Hoe kan jy seker wees dit word tweede natuur vir jou? Jy moet jou daarin oefen - nou reeds, elke dag!

En laat ons hiervoor vir mekaar bid. Is my angsgedagte dalk reg - dat groot getalle goeie en vroom kerkmense geen snars van hierdie beginsel verstaan nie. En dis omdat sóveel predikers dit nooit preek nie - omdat hulle dit self waarskynlik nie verstaan of glo nie. Wat 'n tragedie!

Maar die Christen wat dit wel verstaan en glo, wil dit weer en weer hoor en verkondig. Want kan daar 'n waarheid wees wat 'n dieper troos bring vir diegene in Christus en 'n meer lewensveranderende blydschap.

Laat alles wat asem het die Here Here loof - van nou af tot in alle ewigheid!

Nico van der Walt

- Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in meer as 'n halfdosyn lande in Afrika suid van die ewenaar.
- Subskripsies, adresveranderings, kansellاسies en korrespondensie: Postnet Suite No.148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115, Suid-Afrika.
- E: nico.vanderwalt@reformed.org.za; Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.
- Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)
- Weekliks word 'n preek/studiestuk soos hierdie wêreldwyd en gratis in Afrikaans en Engels per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.
- Geen kopiereg. Dupliseer of preek gerus. Of stuur elektronies verder.
- Preekopnames: E: info@nunide.org.za; T: 012-808 3906